# WÊRELDGEBEURE.

In die oorsig van Augustus j.l. het ons geskryf: „Wat nou in Korea plaasvind is maar die begin van die smarte . . . . Van nou af sal alles toespits op die vraag: **vryheid** of **slawerny.**" Wat sedert Augustus gebeur het bevestig dat ons die saak juis aangevoel het. Daar was trouens geen profetiese gawe voor nodig om te sien waarheen dinge beweeg nie. Nou, in Desember het sake ontwikkel tot een van die mees ernstige krisisse sedert September 1939. Die feit dat Attlee na Washington moes gaan getuig daarvan. Tegelykertyd het dit weereens duidelik openbaar geword dat die V.S.A. en Engeland verskil wat beleid betref. Dit skyn asof die V.S.A. 'n radikale standpunt inneem en Engeland 'n meer versigtige. Tog het Attlee so pas verklaar: „Ons weet almal uit bittere ervaring dat versoening nie loon nie." Aan die ander kant verwerp Amerikaanse blaaie 'n kompromis-oplossing in Korea nie meer nie.

Almal besef wel dat 'n oorlog tussen die V.S.A. en China 'n derde wêreldoorlog kan ontketen en almal weet wat dit sal beteken. Net die feit dat Truman die moontlikheid van gebruik van die atoombom geopper het, het 'n siddering deur die volke laat gaan. Hierdie bom kan in elk geval die beslissing nie bring nie. Tereg is gesê dat Rusland geen hart het wat 'n mens kan raaksteek nie en dieselfde geld van China. Wat dan nog as die twee bymekaar staan? As 'n mens dink aan die moontlikhede wat 'n derde wêreldoorlog kan ontketen, dan verwelkom jy die gedagte wat deur die Unie-regering uitgespreek is, nl. dat 'n bufferstreek in Korea geskep word. Dit kan tydelik verligting bring. Moontlik sou dit ook verstandiger gewees het as die magte van die V.V.O. by die 38e breedtegraad halt geroep het en nie verder deurgestoot het in weerwil van die Chinese waarskuwinge nie. Ook dit sou egter slegs tydelik verligting gebring het, want—soos tereg deur pres. Truman opgemerk is —wat in Korea gebeur is maar 'n fase in die groot stryd tussen Oos en Wes. 'n Mens kan alleen maar die wêreldleiers wysheid toebid waar hulle sulke diepingrypende beslissinge moet neem.

Een ding is baie seker: 'n nederlaag—moreel of militêr of albei—in die Ooste sal vir die Weste funeste gevolge meebring. Sedert die dae van die Kruistogte het dit nog nie weer gebeur dat Oosterlinge Westerse magte uit 'n land uitwerp met militêre mag nie. As die blankes nou in die Ooste 'n nederlaag ly is die gevolge vir die Weste nie te oorsien nie.

Uit alles blyk weer die magteloosheid van die V.V.O. in 'n wêreld van botsende ideologieë. As die krisis werklik kom, laat die grootmagte die V.V.O. links lê en konfereer self. Hoe kan dit ook anders waar die grootste onrusstokers self in hierdie liggaam sitting het?

Die resultaat van die samesprekinge van Truman en Attlee is by die eerste oogopslag teleurstellend. 'n Mens het meer verwag. In sommige opsigte is ooreengekom om te verskil. Verblydend is in elk geval die hoop wat uitgespreek word dat dit nooit nodig mag word om die atoombom te gebruik nie en in elk geval nie sonder onderlinge oorleg tussen die V.S.A. en Brittanje nie. Agressors weet nou ook oorduidelik dat daar geen „paaiery en vergoeding" vir hulle sal wees nie. Tog sal poginge aangewend word om die geskille in die Verre Ooste op vreedsame wyse op te los. Die feit dat bewapening bespoedig word, toon dat die twee leiers die wêreldsituasie ernstig opvat. Moontlik moet 'n mens dan ook meer tussen die lyne van die verklaring lees.

Onderwyl die wêreld as op 'n vulkaan verkeer hou die V.V.O. hom besig met die interne aangeleenthede van ander state. Verbeel jou dat S.A. versoek word om die wet op groepsgebiede nie van toepassing te maak voor en aleer die tafelronde met Indië en Pakistan gehou is nie! Waar sal hierdie proses eindig as eenmaal daarmee begin word? Aan die ander kant is dit ook gevaarlik vir S.A. om homself heeltemal te isoleer in hierdie onstuimige wêreld. Die beste weg is om die stryd binne die V.V.O. te voer totdat dit onhoubaar word. Om hierdie rede moet die arbeid van dr. Dönges en sy medestanders gewaardeer word.

**SUID-AFRIKA.**

Afgesien van die tragiese gebeure by Witzieshoek het in ons land geen opsienbarende gebeurtenisse plaasgevind nie. Dit skyn of die benoeming van drie nuwe ministers oor die algemeen goedkeuring by Afrikaners wegdra, hoewel dit seker betreur moet word dat een minister hom nie ten volle kan toelê op die belangrike portefeulje „Onderwys, Kuns en Wetenskap" nie. Dr. Verwoerd het dadelik groot aktiwiteit in verband met naturellesake aan die dag gelê en probeer so hard as kan om ons standpunt aan die Bantu te stel. Dit is bepaald die regte koers.

Die moorde by Witzieshoek en die onrus onder Kleurlinge toon dat ons maar gedurig oortuigingswerk moet doen, omdat ons beleid per slot van rekening ook vir die gekleurdes die beste is.

Die reaksie van die kant van die Verteenwoordigende Naturelleraad was bepaald nie bemoedigend nie. Dit blyk dat die liberalistiese agitator nog 'n gerede oor vind. Die regering sal ander kanale moet daarstel om die naturel te bereik.

Sedert die verskyning van ons vorige uitgawe het twee belangrike vergaderinge plaasgevind nl. die konferensie oor vervoervraagstukke en die laertrek van die O.B.

Eersgenoemde vergadering is 'n belangrike stap vooruit in die rigting van 'n pan-Afrikaanse beleid. As Afrika sy probleme op 'n ge-

meenskaplike basis wil aanpak sal daar gerieflike kommunikasiemiddele moet wees. Ons kan ongetwyfeld belangrike ontwikkelinge in hierdie verband verwag.

In November het die O.B. homself tydens sy laertrek besin op die toekoms van die beweging. Dit is verblydend dat die dagbladpers weer publisiteit aan die verrigtinge gegee het. Ons het in die O.B. goeie Afrikaners wie se kragte in die volkstryd nie versmaad mag word nie, te meer waar die beweging homself vierkantig op republikeinse standpunt stel. Dr. van Rensburg het 'n rede gehou wat 'n goeie gesindheid openbaar. Hy het nie—soos soms gedoen word—die bewering gemaak dat die partye die republikeinse pad verlaat het nie, maar dat die hoofleiers van H.N.P. en A.P. hul eie beskouinge daarop nahou. Tegelyk het hy aangetoon dat leiers van die H.N.P. openlik van hul hoofleier verskil. Dr. Jan Steyn het aangevul deur te verklaar dat die konstitusies van die H.N.P. en die A.P. letterlik identies lui wat die republikeinse ideaal betref. Dit is derhalwe onnodig en oorbodig dat die verskillende organisasies nou sal uitmaak wie die eintlike of die vernaamste draer van die republikeinse gedagte is. Laat elkeen maar by homself oortuig wees dat hy die suiwer koers hou.

Afrikaners is so eenstemmig soos seker nog nooit tevore nie oor die volgende punte: Die Brits-liberalistiese staatstelsel is nie ons ideaal nie, maar dit is die enigste wapen wat die Boerevolk tans het en ons kan dit heelhartig gebruik om ons ideaal te bereik, naamlik die van 'n volkome vrye Republiek soos Ierland en nie soos Indië nie en wel ooreenkomstig ons volkstradisies. Ons gebruik Goliat se swaard om hom te onthoof.

Verblydend is dit dan ook om in die pers die volgende verklaring van min. Viljoen te lees: „Die H.N.P. en die A.P. sal hopelik vroeg in aanstaande jaar saamgevoeg en so solied saamgesmee word dat niks daardie eenheid sal kan verbreek nie."

Die minister het hierop laat volg:: „In ons verenigde sterkte moet ons dan groot van hart wees, die deure wyd oopstel en ons opponente uitnooi om in hierdie tyd van nood skouer aan skouer met ons te kom staan."

Ook hierdie laaste woorde kan ons onderskrywe as dit so verstaan word dat alleen diegene saamgesnoer word wat dit oor beginselsake eens is maar dat ook hulle wat verskil, bv. ten opsigte van die republikeinse ideaal, gevra word om saam te werk in sake van gemeenskaplike belang. As dit kan gebeur is een van die groot euwels van die Britse partystelsel reeds oorwin. Hier word naamlik die ander party per se beveg, ook al is sy beleid in belang van die volk.

11/12/50. S.d.T.